

UIT DIE BRIEWE VAN ANTONY DE VLETTER, HUISONDERWYSER, STAATMAKER IN DIENS VAN DIE „NIEUWE REPUBLIEK“, WILDJAGTER, GOUDELWER, EERSTE ONDERWYSER EN POSMEESTER VAN DULLSTROOM (1882-1888)

Inleiding

Antony de Vletter is op Nuwejaarsdag 1841 op Poortugaal, naby Rotterdam (Nederland) gebore. Sy grootvader was Willem de Vletter (1777-1860), sy vader Antony de Vletter (1811-1882). Hierdie Antony het twee seuns gehad nl. Antony (1841-1896) en Hendrik Cornelis. Verwant aan hierdie De Vletters was Jacob de Vletter (1818-1872) wat bekendheid verwerf het deur die De Vletter-oproer in Rotterdam¹ en Johannes Servaas de Vletter (1827-1899). Die laasgenoemde was in 1864 op Bloemfontein woonagtig en was later, behalwe boekbinder, o.m. redakteur-uitgewer van die plaaslike blad „Express”. Hy was getroud met mej. Maria Wilhelmina van Dam en is in 1899 op Wellington oorlede.² Van hierdie tak van die De Vlettergeslag is vandag nog afstammeling in ons land.³

Van Antony de Vletter is verder bekend dat hy op 15.2.1871 in die stadje Schiedam met mej. Helena van den Berg getroud is. Antony was ’n liggaamsoefeningonderwyser en het hom in 1876 in dië hoedanigheid in die dorpie Monster (naby Den Haag) gevestig. Uit die egverbintenis is ’n dogter, Anna Maria, gebore wat in 1892 op Schiedam met mnr. A. L. Ritman in die huwelik getree is.⁴

In die verlede het die skrywer slegs ’n paar keer op die van De Vletter afgekom. In die „Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika” (uitgawe van 24.3.1934, Pretoria), het ’n artikel verskyn onder die opskrif „Landgenoten en andere, die ik gekend heb”. In ’n tweetal bydraes het „Toon Weever” (mnr. Jac. Spoelstra) sy gedagtes laat gaan oor ’n aantal outydse inwoners van Vryheid (Natal) in die dae van die „Nieuwe Republiek” en daarin beskryf hy dat hy op ’n sekere aand in ’n kroeg kennis gemaak het met Antony de Vletter „een woest uitziend persoon, met een eenigzins door de pokken of zon geschonden gezicht, ’t welk omringd was door een donkerblonde baard en daarboven een snor a la Magiara; een Romeinsche neus, een door de zon verbrand gezicht, een nauwsluitend baadje op een mouwvest gelijkende, rijbroek met roode kaplaarzen en in de rechter laarskap een kris of ponjaard”.

Na ’n nadere kennismaking met die vreemdeling het Spoelstra ewewel

1. Genealogiese besonderhede verstrek deur mnr. A. de Vletter, van Greenford, Middlesex, Engeland. L. G. Rogier; „Rotterdam tegen het midden van de negentiende eeuw” (Rotterdamumreeks 2, Rotterdam, 1948), bl. 16.
2. Verwant aan die ander lede van die geslag. Johannes Servaas de Vletter is in Den Haag gebore (1827). Sy boedelpapiere herus in die Vrystaatse Meesterskantoor. Hierdie gegewens is meegedeel deur mej. M. Potgieter van die Vrystaatse Argief, Bloemfontein (O.II/2 van 8.5.1961).
3. O.m. op Pretoria.
4. Meegedeel deur mnr. A. de Vletter (Greenford).



Antony de Vletter

tot die oortuiging gekom dat „zijn woest uiterlijk . . . alleen was wat de Engelschen zeggen skin-deep. Hij was èèn der zachtmoedigste menschen denkbaar en zijn gastvrijheid en hulpbetoon was spreekwoordelijk.”

In dieselfde bydraes staan Spoelstra dan geruime tyd stil by die „Vryheidse tydperk” uit die veelbewoë lewe van De Vletter⁵ en kom hy tot die gegiste uiteinde van De Vletter in Rhodesië, ’n gissing wat nie op waarheid gegrond was nie.

Mnr. J. H. H. Janson, van Dullstroom, het die skrywer opmerklik gemaak op ’n beskrywing van sy hand wat in mnr. A. P. van der Merwe

5. Daar was verskillende oud-Hollanders in Vryheid o.m. Bierma, Zuidema, Van IJselstein, Molerus (Swazieland), Maarschalk en Dooyer (Utrecht). Die genoemde bydrae, uitgawe van 24.3.1934, bl. 18. Verder word genoem: Spoelstra, Kat, Buitendorp, Van Oostrum. Hulle het tot die jonger geslag behoort (bl. 19). In die uitgawe van 7.4.1934 (bl. 17) verklaar Sp. dat De V. ook ’n bekwame tekenaar-houtbewerker en graveur, musikus en sanger was. Omrede die posmeester-generaal-skap nie hoog besoldig was nie, aldus Sp., het De V. ook die pos van publieke aanklaer en opsteller van die Staatskoerant aanvaar. Ook het De V., aldus Sp., ’n posseël van die „N.R.” van sy handtekening voorsien. Vermoedelik was daar geen posstempel nie. Die skr. het ook so ’n eksemplaar in sy besit. Genoemde bydrae in die uitgawe van 24.3.1934, bl. 18. Die genoemde bydraes van Sp. bevat onjuisthede. De V. was nooit in Wes-Indië nie.

se „Kort Geskiedenis van Belfast en Distrik” (Johannesburg, 1951) verskyn het. Daarin verskyn besonderhede oor De Vletter as posmeester en onderwyser op Dullstroom en oor De Vletter as sekretaris van die eerste dorpsbestuur van hierdie nedersetting (1890). Besonder waardevol vir ons was ’n afbeelding van De Vletter se skooltjie „Vlettershof”, op Dullstroom (1891). Dieselfde geld vir mnr. Janson se medeling dat De Vletter, die eerste oud-leermeester van mnr. Janson, op Dullstroom oorlede is.⁶

Deur ’n toevallige sameloop van omstandighede het die skrywer in 1960 en 1961 in besit gekom van ’n aantal fotografiese afdrukke van briewe wat tussen 1882 en 1888 deur Antony de Vletter uit ons land aan ongenoemde familielede in Nederland geskryf is. Hierdie briewe en brokstukke van briewe is deur mnr. A. de Vletter, van Greenford (Middlesex, England) in Nederland opgespoor. Ons is mnr. De Vletter dankbaar dat hy bereid was om die afdrukke beskikbaar te stel.

Die briewe en brokstukke daarvan.

Die volgende briewe en brokstukke is gebruik om hierdie artikel saam te stel:

- (i) ’n Brief gedateer 24.5.1882. Geskryf aan boord van die skip „Spartan” op pad na die Kaap. Omvang: Vier kantjies.
- (ii) ’n Ongedateerde brief gemerk „Vrydag voor Pinksteren”. Vermoedelik ’n vervolg op (i). Omvang: Byna twee kantjies.
- (iii) ’n Deel van ’n brief waarin o.m. ’n beskrywing van ’n landreis van Helpmekaar na Newcastle voorkom. Omvang: Ses, nie samehangende kantjies. Ongedateer.
- (iv) ’n Brief van 10.12.1882. Geskryf op die plaas „Middelpoort” distrik Vrede (O.V.S.). Omvang: Vier kantjies. Gedeeltelik geskryf op 9.1.1883.
- (v) ’n Brief van 13.1.1883. Op dieselfde plek geskryf. Omvang: Vier kantjies. By die voue gedeeltelik onleesbaar.
- (vi) ’n Brief van 2.3.1883. Op dieselfde plek geskryf. Omvang: Vier kantjies.
- (vii) ’n Deel van ’n brief. Geskryf op Vryheid. Agt dae nadat De V. as amptenaar aangestel is. Die begin ontbreek. Omvang: Drie kantjies.
- (viii) ’n Deel van ’n brief geskryf op „Suikerboschkop” (Dullstroom) in Oktober 1887. Omvang: Twee kantjies.
- (ix) ’n Brief van Februarie 1888. Geskryf op „Groot Suikerboschkop” (Dullstroom). Omvang: Vier kantjies.
- (x) ’n Deel van ’n brief, vermoedelik in 1888 op dieselfde plek geskryf. Omvang: Tien kantjies. Bladsye 1-4 (genommer) ontbreek.
- (xi) ’n Deel van vermoedelik dieselfde brief. Omvang: Sewentien kantjies.

6. In hoofstuk X van die genoemde werk is verklaar dat mnr. J. H. Janson en De V. saam op „Groot Suikerboschkop” aangekom het. Hierdie veronderstelling (bl. 65) berus op ’n vergissing. Aangaande De V. se skool verskyn ’n verslag op bl. 67. Die skool was in 1890 die beste in die distrik Lydenburg. De V. is op 1.12.1887 as posmeester aangestel (bl. 69). Die foto van die skool kom op bl. 68 voor.

Die betekenis van die briewe:

Die skrywer was 'n ontwikkelde man soos blyk uit die redelik suiwere Nederlands⁷ wat hy in sy briewe gebruik het. Hy was 'n skerp waarnemer, het oor 'n sin vir humor beskik. Dikwels verneem ons 'n optimistiese toon in sy briewe, dan weer is hy swaarmoedig en vervul van heimwee na sy vriende in sy geboorteland. Ons kom ook onder die indruk van die feit dat die swerflus hom meer as eenkeer beetgepak het. Soms was dit noodsaak omdat hy homself, soos na die krygsbedrywighede in Zoeloeland, nie meer by die samelewing kon aan- en inpas nie.

Vir gevare en avonture het hy nie teruggedeins nie. Daarvan getuig sy beskrywings van die woelinge in Zoeloeland en sy trek deur die hedendaagse Krugerwildtuin. Ook weet ons dat hy, na sy vestiging op Dullstroom, saam met mnr. J. H. Janson Jnr., 'n reis na Matabeleland onderneem het.⁸ Verder lewer De Vletter se verblyf in en naby Barberton voldoende bewyse vir bogenoemde karakterkenmerke van Antony de Vletter.

Geskiedkundig is die briewe waardevol. Ons samelewing het aanmerklik verander. Dit het ook betrekking op De Vletter se vermeldings oor die lewe van 'n Vrystaatse boer, oor die onderwys, oor die gebrek aan predikante. Dan dink ons aan die winter- en somertreke van die yeeboere uit daardie tyd. Oor die wordingsgeskiedenis van die „Nieuwe Republiek” verstrekk hy eersterangse ooggetuieverslae. Ons volg hom ook tydens sy trek deur die hedendaagse Krugerwildtuin en tenslotte kry ons 'n brokkie Transvaalse geskiedenis van plaaslike aard, nl. besonderhede oor die eerste jare van die nedersetting Dullstroom in die distrik Belfast.

Op reis na die Kaap.

Op 'n ongenoemde dag in 1882, vermoedelik aan die begin van Mei, het De Vletter saans in Rotterdam aan boord van 'n skip gegaan om om sesuur soggens van die volgende dag op Harwich aan te kom. Drie uur later was hy per trein in Londen om vervolgens om elfuur per trein na Southampton te vertrek. Na „een zeer snel rijden” het hy omstreeks tweeuur aldaar aangekom. Die volgende dag het hy aan boord van die „Spartan” na die Kaap vertrek. Aan boord van die skip was 400 reisigers, waaronder 50 kinders. Engelse, Franse en Nederlandse passasiers het die reis na die suide begin. Nadat die seesiekte sy slagoffers geëis het, is musiekinstrumente voor die dag gehaal en het die stemming aanmerklik verbeter. Op 16 Mei is 'n konsert gehou, vyf dae later het die opvoering van 'n blyspel gevolg en op 18 Mei is 'n dans gereël. Op pad na die Kaap is Madeira aangedoen.

„Daarna zee en niets dan zee afgewisseld door het ontmoeten van een enkel schip, haaien, walvisschen en vliegende visschen”. Die aankoms in Tafelbaai is deur storm vertraag en De Vletter was van oordeel dat hy die Pinksterdae in Kaapstad sou deurbring. „Ik hoop daar Zondagmorgen ter

7. In die latere briewe kan 'n sterker wordende invloed van die Afrikaanse woordeskat opgemerk word. Anglisismes kom selde voor.

8. Hierdie reis is voor 1890 onderneem. Kyk A. P. van der Merwe se publikasie, bl. 67. Kyk ook „H.W. voor Z.A.”, 12.1.1935. Mnr. Janson Jnr. en De V. het die ontdekkingsreisiger Cameron na Matabeleland vergesel.

kerk te gaan, met de vier andere Hollanders. Ieder op zijn eigen wijze zullen wij daarvoor ons dankgebed opzenden”.

Aan die slot van hierdie skrywe (nr. ii) vermeld hy dat hy uit Durban „de volgende plaats waar wij voorgoed afscheid van de zee hopen te nemen” weer sal skryf.

Die landreis.

In brief (ii) kry ons ’n indruk van die moeilikhede van ’n landreis deur Natal in die vroeë tagtiger jare. Ons ontmoet De Vletter tydens hierdie reis per ossewa. Hy skryf o.m.: „Nu hadden wij iederen avond machtige illuminatie. ’t Is hier nog altijd winter, en het gras dat nooit gemaaid wordt is omstreeks een paar voet lang maar verdord, nu het tegen het voorjaar gaat steekt men dit ’s avonds in den brand . . . Deze branden ziet men ’s avonds uren ver en ’t schijnt of dan geheele bergen in brand staan. Nooit zag ik een machtiger illuminatie, vooral als de wind die vlammeende vuurzee voortjaagt.”



Antony de Vletter

Op die Biggarsberg het hulle drie bokke geskiet om vars vleis te bekom. Hier het die reis langsaam gevorder. „Deze berg is zoo steil en met rotsblokken bezaaid, dat wij maar langzaam voortsukkelden. Want een dubbel span, dus 36 ossen, waren noodig voor een wagen, zoodat de wagens gedurig op elkander moesten wachten. Vandaar ook de naam van het gehucht, ‚Help ma kaar’.”

Helpmekaar het in dië dae uit twee hout geboutjies bestaan, te wete ’n winkel en ’n hoteletjie. Daar het De Vletter die nie-blanke wadrywer betaal en afskeid geneem van ’n drietal reisgenote. Hy het daar oornag en ’n brief na Newcastle gestuur waarin hy ds. Döhne⁹ van sy koms verwittig het. Hy vervolg dan: „Eindelijk na vele ondervindings bereikten wij New Castle. Iederen avond hadden wij een prachtige staartster voor ons uit (wij kwamen ook uit het oosten).” Op Newcastle het hy weer ’n hotel opgesoek, daar ’n paar jongmense ontmoet en „Gezongen, gedanst, pret gemaakt! Leve de vroolijkheid. Dat verbande mijn gedachten aan Holland”.

Huisonderwyser in diens van mnr. Wessels.

Op Newcastle was geen antwoord van ds. Döhne op De Vletter se brief nie, maar uit brief (v) blyk dit dat hy hierdie leraar wel ontmoet het. Miskien het hierdie leraar hom gehelp om huisonderwyser by mnr. Wessels, ’n welgestelde boer van die plaas „Waaikom”, ’n uur te perd van Newcastle, te word. Na ’n deel wat ontbreek in brief (iii) skryf hy: „Alles werd aangenomen, en ik was verkocht!!! De volgende week stelde ik mij opleverbaar!!!! Op den bepaalden dag, verscheen een ossenwagen voor onze goederen, en een tentwagen met 4 paarden voor ons Naar getuig-schriften, bewijzen of iets dergelyks was geheel niet gevraagd.”

En dan vervolg hy: „’s Avonds om acht uur kwam ik aan mijn nieuw thuis De persoon waar ik ben bezit een vrouw! en bij die vrouw 10 bloeien van kinders.”

Hier, op „Waaikom”, het De Vletter as huisonderwyser sy loopbaan in ons land begin. Reeds spoedig het hy met die ou Boeregewoonte van huisgodsdien hou in aanraking gekom: „Zondag kwam een van de kinderen om tien uur in mijn kamer. Meester, Pa vraagt of U een woordje komt spreken, ik wist reeds wat zulks beteekende! Eens in de twee a drie maanden bestaat er gelegenheid om ter kerk te gaan, dat is al. Nu is de gewoonte dat als Meester thuis is, hij preekt. Ik heb nu reeds tweemaal zulks gedaan. In ’t zwart gekleed. Bijbel, gezang en psalmboek onder de arm, treed ik ’t ruime woonvertrek in. Allen oud en jong zijn langs den wand gezeten in Zondagsdos”¹⁰

Op Kersfees 1882 was die Wesselsgesin en hul huisonderwyser reeds op die plaas „Middelpoort” (distrik Vrede) gevestig. Die rede vir die verandering van woongebied was allereers die jaarlikse trek en tweedens die Mapogoorlog. Mnr. Wessels, aldus brief (v), was ’n uitermate wel-

9. In die „Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika” (jaargang 1944, bl. 47) is vermeld dat ds. Jacob Ludwig Döhne in 1879 oorlede is. Vermoedelik was die genoemde predikant sy seun.

10. Dit is jammer dat die res van hierdie beskrywing ontbreek.

gestelde boer wat vyf plase besit het, „elk zoo groot dat men de kleinste in geen uur (te paard) kan oversteken.” De Vletter het, in verband met die beoogde trek, met mnr. Wessels Transvaal toe gery om daar 'n plaas in oënskou te neem. Hierdie besoek was ten tyde van die Mapogoorlog. In dië verband skryf De Vletter: „Een avond werden wij zelfs door een honderdtal Kaffers overvallen op onze pleisterplaats maar de ‚wit menschen‘ schoten er onder zoodat zij spoedig het hazenpad kozen”. Die plaas was „op de grens van de Kaffers” geleë en die krygsbedrywighede het mnr. Wessels laat besluit om Vrystaat toe te trek. Van die trek na die O.V.S. het De Vletter nog gebruik gemaak om met die oudste seun van mnr. Wessels, „de oudste mijner leerlingen 19 jaar oud”, 'n vlugtige besoek aan Spitskop (Majoeba) en „de Langenekpas”¹¹ te bring „waar de Boeren zoo dapper hadden gevochten”.

Daarna het die trek na „Middelpoort” begin. Mnr. Wessels en De Vletter het vooruit gery om die plaaswoning, wat sedert geruime tyd nie meer bewoon was nie, in orde te bring. Soms het De Vletter by sy baas in 'n ligte rytuigie gesit dan het hy weer te perd gery. „. . . soms waren wij de karavaan een halve dag voor, dan achter, want wij maakten van de slakkengang der karavaan gebruik links en rechts uitstapjes in den omtrek te maken.” En in dië verband merk hy verder op: „Zoo leert men de menschen en de landstreek kennen.”

Hoe groot was die trek? De Vletter berig van „13,000 schapen, 200 paarden, 120 koeien en een zeventigtal ossen”.

Hulle het veilig op „Middelpoort” aangekom. Dit was 'n groot plaas met pragtige viswater, maar sonder bome of vrugtebome. De Vletter vertel dan dat die boere hulle feitlik uitsluitend op veeboerdery toelê en slegs koring, mielies en hawer vir eie gebruik verbou. Oor die algemeen is daar volgens hom, in vergelyking met Nederland, min werk deur die boere verrig. Meer werk is gedurende die skaapskeerdery verrig. Van 8-10 Januarie 1883 is ongeveer 2,500 skape op „Middelpoort” geskeer. Die wol is in bale van 400 pond gewig verpak en 4,000 pond skeersel is teen 10d. per pond verkoop. Die laagste wolprys was van sewe tot agt pennies per pond en die hoogste elf pennies.

Op „Middelpoort” het De Vletter 'n kamer so groot soos 'n Hollandse klaskamer besit. In brief (iv), waarvan die inhoud oor die tydperk van 10.12.1882 tot 9.1.1883 handel, skryf hy op 27 Desember 1882 dat hy met die oudste seun van mnr. Wessels 'n kerkdiens op Vrede sou bywoon „maar eens in de 3 maanden kerk op 't dorp daar wij nog geen dominè rijk zijn . . .”

By die kerkgebou was dit vol kerkgangers wat gerook en gesels het „Want zoo'n kerkdag”, so vervolg hy, „ontmoet men vele menschen welke men in langen tijd niet zag”. Dit was hier waar hy 'n vriend ontmoet het wat drie dae te perd gery het om hom te kom besoek. Die vriend, ook 'n Nederlandse onderwyser,¹² het vier weke vakansie geneem en De Vletter

11. Laingsnek.

12. Die van is nie verstrekkend.

veertien dae. Saam het hulle hierdie dae op „Middelpoort” deurgebring, albei met droefheid in hul harte omdat hulle teruggedink het aan die feesdae in hul geboorteland.

Op „Middelpoort” het op Oujaarsdag ongeveer dertig mense bymekaar gekom om die jaarswisseling te vier.

„Hier aan de plaats hebben zij gedanst en bal gehad . . . van Oudejaarsavond tot 's morgens 4½ uur”. De Vletter en sy vriend was nie in 'n stemming om die feestelike byeenkoms by te woon nie, maar . . . „Daar klonk de muziek en wij zongen zoo als ik vroeger thuis gewoon was: Uren dagen, maanden, jaren. We waren beiden vol, want ook mijn vriend heeft fam: (ilie) en vrienden in het vaderland die hem dierbaar zijn. Betrekkelijk kalm leijden wij ons om 1 uur ter ruste . . .”

In die brief van 13.1.1883 maak De Vletter nog melding van onderwysers wat behalwe kos en inwoning en gratis weiding vir hul perde £9 tot £10 per maand vir hul werk vra. Dit veroorsaak dat hulle soms 'n maand sonder werk sit „en dan veel meer verteren dan menig groot Heer in Holland”.

Vervolgens maak hy melding van die oormatige gebruik van sterk drank. Sommige mense maak van twee bottels Hollandse jenerewer vyf bottels en maak die inhoud sterk deur byvoeging van vitriool. „Men bedrinkt zich daarvan en is dan niet dronken maar ziek . . .” Hy voeg daarby dat sy baas so drink „als de gewoonte is wanneer hij ergens komt ook hij moest dan gewoonlijk een paar dagen uitzieken . . .”

Op „Middelpoort” was 'n serafyn. „Alle Boerenmeisjes hier spelen orgel of piano, over 't algemeen hoort men gaarne muziek”. De Vletter is dikwels uitgenooi om êrens anders te kom kuier en dan het hy sangnommers of gedigte voorgedra.

Wanneer hy van „Middelpoort” vertrek het en wat die rede daarvan was, blyk nie uit die beskikbare briewe nie. Vermoedelik was sy leerlinge volleerd want in brief (v) vertel hy dat twee van sy leerlinge onlangs op Bethlehem aangeneem was by geleentheid van die inwyding van 'n nuwe kerkgebou aldaar. By die plegtigheid was sowel 'n sestal leraars as president J. H. Brand aanwesig.

Die verblyf in Zoeloeland en op Vryheid.

Die oudste aanduiding in diè verband word aangetref in brief (vii) waarin De Vletter meedeel dat hy „sedert acht dagen” nou optree as „Postmeester, Publieke vervolger, Griffier van het Landdrosthof, en uitdeeler (verkooper) van Staats Zegels” teen 'n besoldiging van £200 per jaar.¹³ Verder het hy 'n morg grond vir £40 gekoop en was hy van plan om daarop 'n huis te bou. Dankbaar het hy vermeld dat sy rondswerwings nou tot die verlede behoort en dat hy baie bedrywig is om op hoogte van sake te kom . . . „maar ook daar zal ik door heen komen, ik zie niet tegen een weinig moeiten op”.

13. Die aanstellin gdateer van 9.6.1885. Kyk N.R. 10, bl. 38, Besluitsnommer U.V. 179/85. Salaris £175. Die ontslag dateer van 14.9.1886. Dit geld ook i.v.m. die werksaamhede i.v.m. die Staatskoerant van die „Nieuwe Republiek”. Staatsargief, Pretoria.

Hierdie brokstuk van 'n brief begin soos volg: „... werd ik onmiddelijk als secretaris uitgezonden naar Dinizulu koning der Zulu's en naar Osborne Minister Resident in het Engelsche grondgebied de Reserve met een Commissie”.¹⁴ Hy vervolg dan dat hy goed geld verdien het maar dat die verlies aan perde, osse, kruid en lood en gewere hom heelwat gekos het. Hy was op die tydstip dat hy sy brief geskryf het reeds twaalf maande in Zoeloeland en dit was sy doel om as amptenaar in diens van die owerheid van die „Nieuwe Republiek” te tree. Soos ons reeds gesien het was hy in daardie opsig gelukkig.

Meer besonderhede oor hierdie tydperk vind ons in brief (xi) waarvan ons 'n deel letterlik weergee.

„Ik was dan zoo als ik zei in Zululand, de Nieuwe republiek, kwam daar in het boerenleger,¹⁵ haadden ons kamp versterkt bestaande uit 5 a 600 ossenwagens, ons korps bestond uit 8 a 900 ruiters allen goed gewapend, ons kamp was opgerigt aan deze zijde van een naauwe bergpas poort hier genoemd, zoo dat wilde(n) de kaffers ons overvallen zij slechts door die pas ons konden naderen, die pas werd goed bewaakt en was gemakkelijk te verdedigen.

Dinizulu een jong opperhoofd werd door ons in het kamp gekroond¹⁶ tot koning der Zulu's in plaats van zijn vader Cetewai,¹⁷ duizende van kaffers gewapend met assegaaien en schilden voerden geheel naakt allerlei krijgsdanse uit, hun versierselen bestaan uit kettings van tanden van verschillende dieren en op hun kop vogelvederen. Een akelig gehuil vervuld daarbij de lucht.”

Op 'n sekere dag is berig ontvang dat Oesibepoe, 'n oom van Dinizoeloe en sy teenstander, die grense van Dinizoeloe se gebied oorskry het met 'n paar duisend van sy volgelinge.

„Onmiddelijk maakten wij ons gereed, een voorhoede van 100 man gevormd verscheidene troepjes van 25 man geformeerd vervolgens voegden zich bij ons een 3 a 400 kaffers gewapend nat: (uurlijk?) van Dinezulu en zoo trokken wij er op los, voorzien van de noodige patronen voor een paar dagen kost en een deken, alle dingen daar ieder voor zich zelf in moest voorzien.”

De Vletter was by een van die klein afdelings en was teen die aand ongeveer 'n halfuur voor die eintlike hoofmag toe hulle deur die vyand aangeval is nadat hulle te laat besef het dat hulle in 'n hinderlaag gelok

14. In die eerste deel van „Het insluiten van de Boerenrepublieken” (Amsterdam-Pretoria, 1914) beskryf dr. W. J. Leyds hierdie verwikkelinge. Hoofsaaklik hoofstuk IV.

15. Leyds, t.a.p., bl. 40 e.v. Die kommando van vrywilligers is in April 1884 gevorm. Ruim 300 man, uit Transvaal en ander dele van Suid-Afrika. De V. gee 800 tot 900 aan.

16. Leyds, t.a.p. Op 22.5.1884. Hierdie gebeurtenis is ook beskryf in die „Onderwysblad”, orgaan van die T.O., van 1.5.1961, bl. 53 en 54. Daar is 21.5.1884 as die „kroningsdag” genoem. Kyk ook Melt van Niekerk „Adolf Schiel en die Duitse Kommando” (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1949), bl. 10-11, waar ook 21.5.1884 genoem word.

17. Ketswajo.

was. Nadat die aanvallers besef het dat hulle nie met die hele kommando te doen gehad het nie, het hulle tot die aanval oorgegaan.

„Dadelijk wendde wij onze paarden, met losse teugels en voor alles gereed vlogen wij terug en bevonden ons op eens midden in den strijd, schoten en sloegen op de kaffers van Usebepu. Een vreeselijk gehuil vulde de lucht, onze positie werd gevaarlijk . . .”

Die Boerekommando het te hulp gesnel, die slag het groot afmetings aangeneem en kort daarna is die aanvallers verslaan en deur die oorwinnaars agtervolg.¹⁸ Die aasvoëls het met hul werk begin . . . „Gelukkig werd ik bewaard door zulk een vogel te worden afgekloven” merk die skrywer sinies op.

Nou was Dinizoeloe die onbetwiste heerser en het aan die Boerehulpers 'n groot aantal plase afgestaan.¹⁹ De Vletter het daarna lid geword van 'n klein kommando wat hierdie plase moes opmeet en afbaken. Aan hom en sy maats is 'n goeie beloning beloof maar hulle moes self vir die uitrusting soos perde, osse, waens en skietgoed sorg. Hierdie werksaamhede het veertien maande geduur.²⁰

„Op plaatsen waren wij waar noch nooit witmensen den voet hadden gezet, gevaar van vermoord te worden, door giftige slangen gebeten te worden, dan zonder water of kost, soms zonder bedekking op den grond slapende zoo ging ons leven voort, soms lieten wij ons werk dagen staan en gingen jagen, zeekeoyen, hippopotamus, zebra's, bavianen van elk schoten wij en aten wij . . . eet smakelijk zult gij zeggen maar alles wend.”

Eindelik het die kommando teruggekom, maar die onkoste was groter as die verdienstes en daarby was die lede byna ongeskik vir die samelewing. De Vletter het daar soos 'n halwe wilde uitgesien. 'n Tydlank het hy hom weer by die „burgerlijke leven” aangepas, het amptenaar geword en 'n huis laat bou.

Alles het goed gelyk maar die meeste mense in die „Nieuwe Republiek” het geen geld besit nie, die salarisse is op ongereelde tye betaal en daarby het De Vletter met een van sy hoofde gebots. Al hierdie en ander, ongenoemde moeilikhede, het hom laat besluit om pad te gee. Met nog vier persone het hy besluit om „de woeste wereld” weer in te gaan, om grootwild te skiet en dan later die velle te verkoop. Dan sou die onkoste gedek word en sou daar geld oorbly.

„Ik was niet meer gewoon om onder anderen te staan, ik was het leven in de wildernis gewoon geworden, een zucht naar avonturen, voorspiegeling van ruime winsten” en die feit dat hy nie 'n vrou besit het nie, dit alles het die deurslag vir sy volgende avontuur gegee. De Vletter was van 9.6.1885 tot 14.9.1886 as amptenaar in diens van die „Nieuwe Republiek”.

18. Leyds vermeld dat op 5.6.1884 die Oesoetoës deur 100 Boere onder kommandant Lucas J. Meyer verslaan is. Let op De V. se beskrywing. Volgens hom het die hoofmag te hulp gesnel.

19. Leyds, t.a.p. noem 16.8.1884 as die datum waarop Dinizoeloe grond afgestaan het.

20. Leyds, t.a.p. Op 26.10.1885 is deur die „Nieuwe Republiek” 'n proklamasie uitgevaardig waarin die landsgrense omskryf is.

Na die Wildtuin.

Twee waens met die nodige aantal osse, kos, perde, patrone en tente is gekoop en twaalf Bantoes gehuur en „door het land van den Swasiekoning over de Lebombobergen en al verder noordwaarts” het De Vletter en sy maats getrek. Daeliks het die klimaat warmer en die natuur wilder geword. „Het gebrul der leeuwen was onze slaapmuziek daarbij jankten panthers en tijgers de tweede stem.”

Op hierdie jagtog is allereers volstruise geskiet terwille van die vere terwyl die eiers smaaklik en voedsaam was. „Kameelen enkele olifanten werden gedood. Leeuwen en tijgers zeer veel, antilopen waarbij prachtige, dieren, quagga's, zebra's en wat dies meer zij.”

So het die geselskap verder getrek—verder getrek totdat hulle geen skoene en ordentlike klere meer besit het nie. Broeke is van velle gemaak, skoene is van velle gemaak en alles het voorspoedig gegaan. Maar daarna het teenslae gevolg.

Perde is aan perdesiekte dood, Bantoestamme het hulle beroof en wou hulle vermoor, van hul eie Bantoes is deur die wild verskeur.

Die geselskap het in 'n ongesonde streek, naby 'n vyandige Bantoestam vertoef. Hulle was bevrees dat hulle aangeval sou word en het gedurende die nag besluit om weg te trek. Inderhaas is die wa waaroor hulle nog beskik het, ingespan. Die ander wa het reeds vroeër verongeluk en die aantal osse het verminder. Die gewapende blankes het die wa begelei.

Na 'n paar uur het twee leeus die voorosse aangeval en die touleier en 'n os gedood. Die tweede leeu het 'n ander os aangeval. 'n Skoot het geknal. Die eerste leeu was morsdood, maar die tweede het die skut aangeval, sy dybeen verbrysel en hom aan die skouer gewond. Sy maats het die leeu met jagmesse aangeval want uit vrees vir die aangevallene het hulle nie geskiet nie. 'n Vreeslike geveg het gevolg, maar plotseling het die leeu weggespring. Onmiddellik is vuur gemaak... „Helaas wat zagen wij, vreeselijk verminkt lag onze makker daar, zijn dijbeen was verbrijzeld bij zijn schouer hingen de lappen vleesch, twee ossen lagen half open-gescheurd, twee kaffers dood, alles was een chaos van verwoesting”.

So het die nuwe dag aangebreek en om die lewe van hul maat te red het die oorlewende blanke trekkers besluit om na die bewoonde wêreld terug te keer. Op die dag na hierdie gebeure het hulle die twee leeus, wat verswak deur bloedverlies in die omgewing weggekruipt het, gevind en doodgeskiet. Op Barberton is die verbryselde been van die maat afgesit. Hy was ongelukkig vir die res van sy lewe en die jagtog het nie baie geldelike wins opgelewer nie.

En as gevolg van hierdie gebeurtenis het De Vletter op die Barbertonse goudveld aangekom.

In en om Barberton.

'n Nnuwe episode in die lewe van Antony de Vletter, of in sy eie woorde „een nieuw bedrijf”, het begin. „Goudzoekers” skryf hy „van uit Australië, Amerika, Europa en alle deelen van Amerika snellen zij aan. Goud! Alle wegen zijn bezaaid met verschillende soort van voertuigen.”

En hierdie voertuie het deur feitlik ondeurdringbare passe en klowe getrek. Langs hierdie paaie het gebreekte waens en gevrekte osse, perde en donkies gelê.

„Ik heb geladen wagens uit modderpoelen en tegen steilten zien optrekken met 96 ossen, tien drijvers beukten met lange zweepen op de arme dieren, die met bloedige striemen bedekt de tong uit den bek al hun krachten inspanden. Woest en wild is de natuur — men denkt aan het einde der wereld te zijn.”

En hy vervolg: „Eindelijk is de laatste hoogte beklommen, langzaam daald men in een dal af, trekt de kleine rivier door en Barberton (Babylon) ligt voor het oog bloot. Een oase in de woestijn.” Barberton is nog nie 'n stad soos in Europa nie, maar tog reeds 'n stad.

„In Barberton zelf waren toen ik er was 103 kantiens (drankhuizen) en nog omtrent 100 in de omstreken. In huizen van gebakken steen, rauwe steen, hout, zink, graniet blokken, takken met leem bestreken, in alle soorten van woningen leeft men.” Alles word met ossewaens aangevoer, niks word plaaslik verbou nie. En ook De Vletter het sy tentjie in die nabyheid van die woelige Barberton opgeslaan . . . ²¹

Later het hy in 'n huisie gewoon waar hy vir 'n klein kamertjie £4:10 per maand betaal het.

En dan skryf hy verder:

„Het gaat er levendig toe muziek zang, drukte overal, de kleding van de goudgraver bestaat meestal uit een Engelsch leeren broek, blauw of grijs flanelle hemd, op de borst open een hoed met een veer op het hoofd een gordel om het lijf, schoenen met groote spijkers aan de voeten, in den gordel een mes en revolver, in de hand een tot de kin reikende knoestige doornstok.”

En dan die omgewing. „Alle kantiens zijn vol allen trakteeren elkan- der, van den morgen tot den avond, een leven lijkt het van louter plezier. Overal heen in elke kantien, dames! om met ieder te drinken en om de zuur- verdiende penningen op alle mogelijke wijze en door alle middelen in hun bezit te krijgen.”

Perde kon op Barberton feitlik nie leef nie en daarom koop die goud- soekers 'n paar donkies vir „een paar honderd gulden”, hulle huur 'n paar Bantoes, koop pikke, grawe en dinamiet, laai alles op die donkies, laat die Bantoes die donkies aandryf en dan gaan dit die „bijna ontoe- gankelijke voetpaden” tegemoet.

Hier en daar is reeds spore van werksaamhede te sien waar groot klippe die voetpad versper. Hier, waar dinamiet gebruik is, is niks meer te vinde nie. Saans word vuurgemaak, die donkies gekniehalter, dan word hier en daar 'n monster van die klippe fyngestamp en daarna gewas.

21. In „Lost Trails of the Transvaal” (Kaapstad, 1956) wy T. V. Bulpin 'n hoofstuk (XXVII) aan Barberton. Die finansiële ineenstorting het vroeg in 1887 begin (Bulpin, bl. 331). Op bl. 329 vermeld dieselfde skrywer: „Canteens and grog shops reached the unparalleled proportions of one to every fifteen of the population. Most of the 200 establishments built in 1886 were dingy little joints . . .” Kyk ook „Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika”, o.m. van 3.11.1934, bl. 18 e.v.

Honderde kere volg teleurstellings, maar eindelijk word spore van goud ontdek.

„Nu begint het werk want de hoop bestaat dat dieper gelegen zal het rif rijker worden, met koevoet, houweel en pik vangt den arbeid aan in den grond.” Die klip word harder, ’n gat word geboor, dinamiet word tot ontploffing gebring En so het die een dag op die ander gevolg. Slegs mieliepap het oorgebly, tabak was nie meer voorhande nie. Steeds word gewas, maar die goudgehalte verminder.

De Vletter eindig hierdie verhaal deur te skryf: „Waarde vriende ik heb geen betaalbaar goud gevind, wel heb ik stukke gouderts die ik nog als herinnering bewaar”

’n Vriend van hom het kleins vir £35,000 verkoop, begin spekulereer op die plaaslike beurs en kort daarna nog slegs £9,000 tot £10,000 van sy geld oorgehad en weer „nuwe rifs” aangekoop „Ik heb de Goudvelden vaarwel gezegd. Het is niets dan een loterij, maar . . . met verduiveld veel nieten.”

Op „Groot Suikerboschkop” (Dullstroom).

In brief (viii) kom De Vletter nog weer op hierdie gebeurtenisse terug en skryf hy in Okt. 1887: „Door dit alles heen, leef ik nog en ben ik nog gezond, honderde voete zat ik onder de grond om goud te graven in tunnels in de woeste goudvelden, waar alle volke vergaderd waren.”

Hierdie brief, waarvan slegs ’n deel tot ons gekom het, is op Dullstroom geskryf.

In ’n volgende brief (nr. ix) skryf De Vletter dat hy ’n maand gelede²² van sy swerftog teruggekeer en weer in die beskaafde wêreld is. Hy het hierdie brief op die plaas „Berkhout” geskryf waar hy tuisgegaan het by ’n bewoner van die „Nederl. Kolonie”. Hy berig verder dat daar vir hom ’n huis gebou sal word wat hy voor die einde van November sal betrek wanneer die jaarlikse stigtingsfees van die nedersetting gevier sal word.²³ Verder beskik hy oor 25 morges grond en ’n weiveld vir ’n paar perde, osse, beeste en skape.

In brief nr. xi, waarvan bladsye 5 tot 14 in ons besit gekom het, skryf De Vletter o.m. dat dié verkeersmiddel nog steeds die ossewa is, en dat, indien goederevervoer nie beoog word nie, ’n kar met vier muile of perde, ’n „spider” of „een grooten hoogen wagen met 6 a 8 paarden of muilen” die aangewese vervoermiddel is. Dan vermeld hy dat die spoorlyn van Delagoabaai tot die Transvaalse grens reeds gereed is en Nederlandse ingenieurs nou aan die deel van daar tot Pretoria werk. En nou stry die boere oor die voor- en nadele van die spoorlyn, vernameklik in verband

22. Dit is ’n vergissing. Kyk die datering van die vorige brief.

23. In „Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika” van 15.12.1934 is die feesviering beskryf ter herinnering van die feit dat die eerste Nederlandse landverhuisers ’n halwe eeu gelede op „Groot Suikerboschkop” aangekom het. (24 Nov. 1934.) Oor die gedenksteen: A. P. van der Merwe t.a.p., bl. 67. Meer besonderhede in die „H.W. voor Z.A.” van 12.1.1935. Die plaas „Berkhout” is genoem na jonkheer N. H. Teding van Berkhout, een van die kommissarisse van die maatskappy.

met die vermindering van transportgeld en die invoer van graan, meel en „turksche tarwe hier mielies genoemd” e.d.

Hy sien 'n groot toekoms vir Transvaal omdat die algemene welvaart toeneem wat te danke is aan die opbrengs van die steeds uitbreidende goudmyne. Met betrekking tot heersende produktepryse vermeld hy dat hy op Barberton tot £2:10 vir 'n mud aartappels of mielies moes betaal terwyl hy in die Vrystaat 6 sjieling vir 'n mud mielies betaal het. Barberton tel nou 10,000 inwoners, „Johannesburg een jaar oud, telt al over de 7,000 inwoners”. Hy verklaar dat Engelse kapitaliste groot kapitaal belê het en dat Nederlandse kapitaliste sal kom as die beste tyd verby is.

En dan lewer hy 'n pleidooi vir immigrasie van arbeiders, klein boere en vakmense wat ongetwyfeld in Transvaal goeie vooruitsigte sal hê. En in dieselfde verband verwys hy na Dullstroom en skets vervolgens die ontstaan van hierdie nedersetting. Hy is van oordeel dat die eerste landverhuisers vir Dullstroom nie goed gekies was nie „want zij bestond uit geen eigentlijke boeren of ambachtslieden, hoe zal ik het noemen, halfslachtigen . . .”

Maar dié wat nou daar is, is „wel af”. Onder hulle noem hy 'n wamaker met tien kinders wat tans 'n huis, 'n paar beeste, 'n perd, veertig skape en veertig morg grond besit. Dan noem hy die boer Ahlers²⁴ wat 400 morg grond besit en sy seun wat 'n plaas van 500 morg het. Persone wat self die oortog kan betaal, aldus De Vletter, kan 20 tot 40 morg grond by mnr. Janson²⁵ bekom en terwyl hierdie grond bewerk word kan hulle geld verdien deur ander boere te help met ploeg.

De Vletter berig verder dat planne bestaan om op „Groot Suikerbosch-kop” 'n dorp uit te lê en dat reeds ongeveer £500 vir die bou van n' kerk ingesamel is.²⁶ Hy noem verder die volgende bewoners van die nedersetting: Janson²⁷ (bestuurder), Brinkman²⁸ (wamaker), De Reo en Diepraam²⁹ (meubelmakers), Jonker³⁰ (pottbakker), W. Janson³¹ („algemeene winkelier”), Gustaaf³² (skrynerker) en „Uw dienaar A. de Vletter, schoolmeester, agent, (foto?) graaf en boertje”. Verder is hy deur die goewerment as posmeester aangestel.³³ Daarvoor ontvang hy ongeveer £12:10 per jaar, maar skryf hy, daar is nie baie werk aan verbonde nie want slegs een keer per week kom pos aan en lakoniek voeg hy aan hierdie mededeling toe „en 't is voor uitbreiding vatbaar”.

24. „H.W. voor Z.A.”, 12.1.1935. H. Ahlers het in 1884 aangekom. Hy was die ontginner van die plaas „Nederhorst”. Van der Merwe, t.a.p., bl. 67.

25. Idem. Mnr. J. H. Janson Jnr. wat op 10.9.1883 van Amsterdam na S.A. vertrek het („H.W.”, 15.12.1934) en op 21.11.1884 as vrederegter van die distrik Lydenburg benoem is.

26. Idem. Die kerkgebou is in 1893 ingewy.

27. Idem. J. H. Janson Jnr.

28. Idem. In 1884 saam met Janson se gesin aangekom.

29. Idem. W. P. Diepraam, argitek van die Ned. Herv. kerkgebou op Dullstroom. Van der Merwe, t.a.p., bl. 69.

30. Van der Merwe, t.a.p., bl. 67.

31. Idem. bl. 67. W. C. Janson was bestuurder van die boerewinkel wat in 1887 opgerig is.

32. Vermoedelik dieselfde as G. Gude, Van der Merwe t.a.p., bl. 69.

33. Die poskantoor is geopen op 1.12.1887 (Van der Merwe, bl. 69).

Weer dring hy op immigrasie aan, liefs in die vorm van klein groepies. „Men hoeft mijn voorbeeld niet te volgen en te gaan zwerven in den vreemde onder de wilden, kaffers, hottentotten enz. of op de goudvelden te gaan graven.”

In Holland kan o.m. mnr. „Dul” (Amsterdam),³⁴ een van die ver- naamste kommissarisse van die maatskappy wat die nedersetting beheer, inligtings verstrek. Verder berig hy nog dat mnr. Janson met dieselfde pos 'n verslag oor die nedersetting aan mnr. Dul stuur en dat hy aan sy moeder 'n koerant stuur waarin 'n beskrywing van die verrigtings op Dingaansdag (Geloftedag) verskyn.

Hy voeg daarby „en al was ik slechts kort hier, ik werd lid en Secret(aris) gekozen van de feestcomm:(issie)”. Ook kan, in een van die koerante, sy aanstelling as posagent gevind word.

En met hierdie mededeling eindig De Vletter daardie deel van sy brief wat vermoedlik deur die reeds behandelde fragment nr. XI gevolg is,³⁵

Antony de Vletter is op 13.9.1896³⁶ op Dullstroom oorlede. So het 'n veelbewoë en ongetwyfeld avontuurlike lewensloop ten einde gekom van 'n man wat so duidelik uit sy briewe tevoorskyn tree as 'n onverskrokke mens, 'n avonturier, 'n bekwame onderwyser en een van hulle wat in die verlede ook op sy wyse sy deel bygedra het tot die opbou en uitbou van ons volksbestaan in die noordelike en oostelike dele van ons vaderland.

Dr. Jan Ploeger.

34. Die korrekte spelling is Dull, te wete Wolterus Dull, direkteur van die maatskappy. Hy het die nedersetting in 1890 besoek. In dieselfde jaar is 'n versoek aan die Regering gerig om die dorp Dullstroom aan te lê. („H.W. voor Z.A.”, 12.1.1935.) Oor die ontstaan van die nedersetting kyk P. J. van Winter: „Onder Krugers Hollanders” (Amsterdam, 1937), deel I, bl. 54.
35. Oor De Vletter en Janson, wat saam met Cameron na Matabeleland was (1889) is daar geen besonderhede in die briewe aangetref nie. Tenslotte ons dank aan mnr. J. H. H. Janson (van Dullstroom), mnr. A. P. van der Merwe (van Belfast), mnr. Ph. Strijdom (van die Staatsargief, Pretoria) en mnr. A. de Vletter (van Greenford) vir hul bereidwilligheid om die skr. te help om hierdie studie te voltooi.
36. Ouderdom 56 jaar, wewenaar. Sonder beroep. Mondige dogter Anna Maria. Boedelnommer 11772 (Pretoria; Meesterskantoor).
Nadat hierdie bydrae reeds voltooi was, het mnr. A. de Vletter, van Greenford (Eng.) nog die volgende gegewens gestuur:
Stamboom De Vletter. Stamouers Anthony (1742-?) en J. van Aerdenhout (1748-1833). Nege seuns en drie dogters, waaronder:
Willem (kyk I) en Simon (kyk II).
I. Willem (1777-1860) en H. G. Fo(r)re(e) (1780-1849). Vyf seuns en vyf dogters, waaronder Antony (kyk III) en Jacob (kyk IV).
II. Simon (1788-1834) en A. Knaap (1797-1854). Ses seuns en twee dogters, waaronder Johannes Servaas (1827-1899).
III. Antony (1811-1882) en A. M. Oliemans (1816-1889). Vier seuns en sewe dogters, waaronder Willem (kyk V) en Antony (kyk VI).
IV. Jacob (1818-1872) en W. J. Kleyweg (1825-1911). Drie seuns en vyf dogters.
V. Willem (1839-1919). Twee keer getroud. Uit tweede huwelik met A. Baas (1848-1922) o.m. gebore:
Antonie (1883-.....), getroud met C. H. Hofman (1885-.....). Uit hierdie huwelik Anton (1916-.....) getr. met D. J. Kingsley (1920-.....). Kinders uit hierdie huwelik: Antony William (1949-.....) en Jennifer Anne (1953-.....).
VI. Antony (1841-1886) getroud met H. van den Bezg (1847-1879). Twee kinders, te wete Anna Maria (1871-1950), getroud met A. L. Ritman (1861-1953) en Antonie (1874-1880).